

GRAIN SA GRAINSA	Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar												
	DATUM	2017/06/15				2017/06/12				GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2017/06/19	2017/06/15		2017/06/12		2017/05/15		2016/06/13					
Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data				
Brent (\$/b)	48.10	-3.12 ↓	-6.1%	51.22 ↓	-0.7%	48.45 ↓	-7.9%	52.23 ↓	-4.3%	50.27			
US\$: ? ZAR	12.81	-0.040 ↓	-0.3%	12.85 ↓	-0.4%	12.86 ↓	-1.6%	13.02 ↓	-8.6%	15.74			
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,936.52	39 ↓	-2.1%	R 1,897.04	* CBOT Jul sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Jul +12:00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,188.69	106 ↓	-5.1%	R 2,082.21	*CBOT Jul sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Jul +12:00 die vorige dag								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4,419.75	43 ↓	-1.0%	R 4,376.89	*CBOT Jul sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Jul +12:00 die vorige dag								
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Corn May '17	384.00	9.00 ↑	2.4%	375.00 ↓	-1%	387.00 ↑	4%	369.00 ↓	-9%	423.75			
Wheat May '17	465.00	24.00 ↑	5.4%	441.00 ↑	4%	445.00 ↑	5%	442.00 ↓	-13%	533.75			
Soybean May '17	939.00	12.00 ↑	1.3%	927.00 ↓	0%	941.00 ↓	-2%	959.00 ↓	-9%	1026.50			
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))													
SORGHUM Jul '17	2757	0 ↑	0.0%	2757 ↓	-1.5%	2800 ↓	-8.7%	3020 ↓	-25%	3685			
WMAZ SPOT	1741	5 ↑	0.3%	1736 ↓	-1.5%	1768 ↓	-9.0%	1914 ↓	-5.4%	5030			
YMAZ SPOT	1864	-2 ↓	-0.1%	1866 ↓	-1.7%	1897 ↓	-6.2%	1987 ↓	-0.6%	3776			
SOY 50 SPOT	4510	-2 ↓	-0.0%	4512 ↓	-0.7%	4543 ↑	0.2%	4500 ↓	-0.5%	7580			
SUN SPOT	4505	39 ↑	0.9%	4466 ↓	-1%	4530 ↑	0%	4494 ↓	-30%	6450			
WHEAT SPOT	4510	0 ↑	0.0%	4510 ↑	1%	4484 ↓	0%	4530 ↓	-13%	5171			
OLIESADE (US\$/ton)	2017/06/19	Bron: Oilworld				2017/06/12	May 2017		June 2015				
Soya-oil, Arg.	755	↑	2%	742 ↓	-2%	769 ↑	-12%	676					
Soya-pell, Arg.	302	↓	-3%	311 ↓	-11%	339 ↓	-18%	368					
Soybean, Brazil	381	↑	-1%	384 ↓	-7%	410 ↓	-7%	410					
USA Runner 40/50	1650	↑	0%	1650 ↑	3%	1600 ↑	27%	1300					
Sun-oil, Arg.	717	↑	0%	717 ↓	-5%	755 ↓	-10%	800					
Sun-oil, Black Sea	734	↑	0%	732 ↓	-2%	750 ↓	-2%	750					
Sunseed, Black Sea	375	↑	0%	375 ↓	-6%	400 ↓	-8%	409					
Rapeseed, EU cif	394	↓	-6%	420 ↓	-7%	425 ↓	-1%	399					
Palm oil Mal, EU	1040	↓	-1%	1050 ↓	-29%	1470 ↑	0%	1037					

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Markoorsig:** Die rand verhandel vanoggend effens sterker as die vlakke waarteen dit Vrydag middag 12:00 verhandel het en verhandel vanoggend teen R12.81/\$. Die rand het die afgelope tyd weer heelwat volatilititeit getoon en het goed versterk voordat dit weer nader aan die einde van verlede week verswak het. Die Amerikaanse rentekoersverhoging het die rand effens laat verswak, maar die rand het nie skerp daarop reageer nie. Die rand het verswak nadat die nuwe wetsontwerp aangekondig is vir die mynbou sektor om die swart ekonomiese bemagtiging in die mynbou sektor te bevorder. Baie fondse is uit die land onttrek na hierdie aankondiging. Die nasionale kamer van mynswese het aangekondig dat hulle hierdie aankondiging sal teenstaan in die hof. Die Brent ru oliepryse is steeds onder druk en verhandel byna onveranderd vanaf verlede week se vlakke. Die oliepryse het 'n 6 maande laagtepunt bereik as gevolg van stygende wêreld olie produksie en die groot voorraadvlakke. Die olieprys verhandel vanoggend teen \$47.10/vat.

**Sojabone:** Die verspreiding en verwerkings van sojabone (persings en netto uitvoere) vanaf die G5 lande het met ongeveer 7.5% toegeneem in April en 3% in Mei. Die uitvoere het vanaf Sep 2016 tot en met Mei 2017 nuwe rekordvlakke van 201.3 miljoen ton bereik. Dit is ongeveer 3 miljoen ton hoër as dieselfde tyd die vorige seisoen. Die meeste van die sojabone wat gedurende hierdie tydperk uitgevoer was, is na Sjina toe uitgevoer met goeie groei wat in die Sjinese sojabooninvoere gesien was. Die sojaboonverwerkings in die VSA en Suid Amerika het slegs marginaal toegeneem gedurende Mei, terwyl dit die vorige twee maande redelik gestagneer het. Die laer perstempo is hoofsaaklik as gevolg van die laer vraag na sojaboonmeel met die groot hoeveelhede sojabone wat beskikbaar is en die sterk groei in uitvoere daarvan wat gesien was. In die VSA word daar koeler en nat weerstoestand voorspel vir groot gedeeltes van die sojaboon produserende streke. Dit sal gunstig wees vir die sojabone se produksiekondisies veral waar daar warm droë weer voorgekom het die laaste ruk. Die nuutste produksiekondisies in die VSA wat verlede week bekend gemaak was deur die USDA het die sojaboon produksiekondisie op 66% goed tot uitstekend geskat. Dit is 8% laer as die vorige jaar se 74% goed tot uitstekend vir hierdie tyd van die seisoen. Die nuutste USDA verslag met die weeklikse produksievordering word later vandag bekend gestel. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week hoofsaaklik laer verhandel en het die week laer afgesluit as waarteen die mark oopgemaak het Maandag. Verlede week was 'n kort besighedweek as gevolg van die vakansiedag Vrydag. Die sojaboonmark het verlede week oor die algemeen stadig verhandel en relatief klein prysbewegings was gesien in die mark. Die plaaslike prys verhandel steeds laer as die afgeleide prys en die persmarge is positief. Die perstempo van sojabone sal fyn dopgehou word in die nuutste maandelikse SAGIS verslag.

**Sonneblom Saad:** Die sonneblom saad aanplantings in Rusland en die Oekraïne het beide die nasionale skattings oortref. Die aanplantings word nou verwag om naby aan verlede seisoen se rekord aanplantings te wees of kan selfs hierdie oppervlakte haal. In Rusland is die weerstoestand meestal gunstig vir die produksie van die sonneblom saad terwyl die droë toestande in die Oekraïne meestal vererger in die noordelike dele van die land waar die reënval skerp laer as die gemiddeld was die afgelope paar weke. Die wêreld uitvoere van sonneblom olie het gedurende Mei 'n nuwe maandelikse hoogtepunt vir Mei bereik ten spyte van die seisoenale afwaartse tendens wat in die mark gesien was. Die sonneblom saad verwerkings word verwag om ongeveer 800 000 ton of 12% hoër te wees vanaf Junie 2016 tot en met Julie 2017. Die 2016/17 wêreld sonneblom saad produksie vir die 2016/17 seisoen word ook verwag om effens hoër te wees as die aanvanklike skatting. Rusland se produksie is opwaarts aangepas met ongeveer 300 000 ton wat hul produksie nou op 'n nuwe hoogtepunt van 11.3 miljoen ton plaas. Dit is ongeveer 1.1 miljoen ton meer as die vorige rekordvlak wat in die 2013/14 seisoen gesien was. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblom saad mark het verlede week meestal gemeng verhandel. Die mark het vroeg in die week onder druk gekom en het laer verhandel, maar het later die week sterker verhandel om die week hoër af te sluit. Die plaaslike pryse verhandel ook steeds laer as die afgeleide prys en die perstempo sal dopgehou word in die nuutste SAGIS maandelikse verslag.

**Kanola:** Die wêreld aanbod van kanola en raapsaad word steeds verwag om beperk te wees vir die 2017/18 seisoen ten spyte van die beter verwagte Europese produksies. In Kanada het die kanola produksiekondisies agteruitgegaan en die verwagte Kanadese kanola produksie word op 20 miljoen ton geskat vir die seisoen wat ongeveer 400 000 ton laer is as die vorige skatting. Alhoewel die skatting vir die seisoen hoër is as verlede jaar se produksieskatting sal die lae oordragvoorrade die Kanadese verwerkings en uitvoere beperk. Die Australiese kanola produksie verwagting vir die seisoen word ook laer geskat as verlede seisoen se produksie. Die Australiese produksie word op 3.9 miljoen ton geskat vanaf die 4.4 miljoen ton van verlede seisoen. Dit is egter steeds vroeg in die seisoen en die produksiekondisies kan steeds verbeter indien die weer gunstig is tydens kritieke tye gedurende die groeiseisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike kanola mark sal die fokus hoofsaaklik op die weerstoestand in die Weskaap wees. Daar het alreeds reën in van die gebiede voorgekom, maar goeie opvolg reën sal noodsaaklik wees gedurende die seisoen.

**Grondbone:** In die nuutste USDA produksiekondisie verslag wat verlede week bekend gemaak was word die Amerikaanse grondboon aanplantings op 95% voltooi geskat. Die produksiekondisies word op 76% goed tot uitstekend geskat, wat hoër is as die vorige week se skatting van 72% goed tot uitstekend en ook hoër as verlede jaar se skatting van 70% goed tot uitstekend teen dieselfde tyd van die jaar. Die nuutste USDA produksievorderingsverslag sal later vandag bekend gemaak word.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za